e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

3 Desember 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 43

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Geweld teen vroue en kinders

Die afgelope tyd hoor 'n mens dikwels die boodskap waarin die regering ons aanmoedig om betrokke te raak by die veldtog teen geweld teenoor vroue en kinders.

In die Bybel se tyd al was vroue en kinders die slagoffers van geweld. Dit is 'n ou probleem. Maar vir baie van ons is dit 'n boodskap wat ons koud laat, omdat die meeste van ons dit nie ken nie. Ons het grootgeword in gelukkige en geborge ouerhuise. Dit beteken egter nie dat die probleem nie in ons samelewing bestaan nie – inteendeel! Natuurlik moet ons as Kerk ook standpunt inneem teen enige vorm van mishandeling en misbruik van mense – of dit nou mans, vroue of kinders is. Dit is waar dat hierdie probleem ook onder lidmate van die Kerk voorkom. Dit gebeur waar mense deur gewelddadige optrede hul gesag op hul huweliksmaats of kinders probeer afdwing. Deesdae hoor 'n mens egter ook van ouers wat in vrees vir hul kinders leef. Veral kinders wat in die strik van dwelms vasgevang is, gebruik geweld teenoor hul ouers om hul sin te kry of om geld te bekom. Soms laat ons met ons woorde groter letsels op mense se lewens sonder dat ons noodwendig fisieke geweld gebruik.

Wat 'n mens egter dwars in die krop steek, is wanneer mense hierdie mooi boodskappe teen geweld verkondig terwyl hulle eintlik agteraf met bose planne besig is. So iemand was koning Herodes wat in die tyd van Jesus Christus se geboorte aan bewind was. Gaan lees maar Matteus 2 rustig deur. Hy wou kamstig aan Jesus *hulde* bewys (vers 8), maar intussen was hy van plan om Hom dood te maak (vers 13). Daarom vlug Josef met die Kindjie en sy moeder na Egipte.

Dit is skrikwekkend dat 'n mens se magsbeheptheid jou onsinnige dinge kan laat aanvang, soos om onskuldige kindertjies te laat vermoor. Die mensdom se hele geskiedenis is eintlik 'n skreiende voorbeeld daarvan. Bedekte agendas, rugstekery, dubbele standaarde, oneerlikheid, omkopery, korrupsie en geweld word vandag nog deur mense gebruik om in beheer te probeer bly en om hul eie belange te beskerm. Wat het geword van kinderlike naïwiteit en vertroue? Ons is steeds besig om kindermoord te pleeg. Ons gaan voort daarmee om die opregte onskuld en onvoorwaardelike afhanklikheid wat so eie aan kindwees is, te vermoor.

En tog doen God groot dinge op klein maniere. Te midde van die wêreld se geknoei om in beheer te wees, bly God in beheer en bereik God sy doel met sy kinders. Soos met die geboorte van Jesus Christus en die beskerming van die Kind en sy ouers. Inderdaad – wie sou kon dink dat hierdie Kind die Redder is? Ek en jy kan dit kinderlik glo en daarop vertrou. Jesus Christus het ons iets daarvan geleer toe Hy gesê het dat ons die koninkryk van God soos 'n kindjie moet ontvang. Dit is dalk ook waarom die profeet in Sagaria 8: 5 sê dat die nuwe Jerusalem se strate vol spelende kinders sal wees.

Laat ons maar almal selfondersoek doen in hierdie Kerstyd en elkeen voor sy eie deur vee. Laat ons ophou met die geweld wat ons dikwels agter vroom boodskappe wegsteek. Mag u God se beskerming en vrede in hierdie Kerstyd ervaar te midde van die geweld in die wêreld rondom ons.

Dr Gerhard Lindeque, Redakteur

*** Hierdie is die laaste *e-Hervormer* van 2009. Die volgende uitgawe verskyn op Donderdag 14 Januarie 2010.

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Petri van Rooyen** van Rooihuiskraal na die kombinasie Joachim Prinsloo/ Ruskoppies
- **Dr Estelle Dannhauser** van Kempten (benoeming) na Springs (deeltyds)

Beroep aanvaar

- **Ds Deirdre van der Merwe-Botha** van Brackenhurst (deelsorg) na Krugersdorp-Wes (volsorg)

Vakante standplase

- Die **deelsorgstandplaas** van **Gemeente Gobabis** is vakant. Dit is die doelwit van die gemeente om die standplaas binne twee jaar te omskep in ’n volledig versorgde standplaas. Belangstellende predikante met minder as drie jaar in die bediening word genooi om ’n CV in te dien **voor 17 Januarie 2010**. Gobabis is ’n plattelandse gemeenskap in Namibië, 110 km van die Botswana-grenspos. Die gemeente het vier dorpswyke en vier plaaswyke, en besoekpunte is tot 140 km weg van Gobabis.

  Kontak John Venter (skriba) by 264 62 568422 of **jventer@mtcmobile.com.na**, of ds Drikus Engelbrecht (konsulent) by 264 61 223567 of **sailor@mweb.com.na** vir meer besonderhede.

- **Gemeente Theresapark** se huidige predikant aanvaar op Sondag 28 Februarie 2010 emeritaat. Die gemeente wil so gou moontlik daarna die vakante **volsorgstandplaas** vul, en wag daarom aansoeke in van predikante wat oor minstens 10 jaar ervaring in die bediening beskik. Daar sal van kandidate verwag word om, na indiening van die aansoek en CV met ’n kort beskrywing van persoonlike visie en vaardighede, in gesprek te tree met die beroepskomitee, die gemeente op ’n Sondag saam met sy/haar gade te besoek en die erediens te lei. Die Kerkraad behou die reg om ’n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Aansoeke moet die gemeente **voor 31 Januarie 2010** bereik. Rig aansoeke aan die skriba, Hennie Venter, by Posbus 43524, Theresapark 0155, of per e-pos na **nhtheresapark@absamail.co.za**. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 542 3568 of 073 099 3699.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Mev Jessie Greyling**, eggenote van **ds Berend Greyling** van die kombinasie Bethlehem/Reitz, is verlede naweek oorlede. Die begrafnis het op Woensdag 2 Desember plaasgevind en is gelei deur dr Frikkie Labuschagne. Die Kerk betuig sy meelewing teenoor ds Greyling en sy seuns.

- **Ds Jan Wilson**, predikant van Klerksdorp-Suid, **se vader** is verlede naweek oorlede. Die begrafnis vind plaas op Vrydag 4 Desember. Ds Wilson lei die begrafnisdiens. Die Kerk betuig sy meelewing met ds Wilson en sy geliefdes.

- **Ds Sonia van Wyk**, predikant van Wolmaransstad en eggenote van dr Daan van Wyk (jr), se skildklier wat kwaadaardig was, is die afgelope week verwyder. Sy ontvang verdere behandeling, en dit gaan onder omstandighede goed met haar. Die Kerk betuig graag meelewing met die Van Wyk-familie en bid ds Sonia sterkte toe.

- **Dr Daan van Wyk (sr)** se werk as brugpredikant by Gemeente Pretoria-Noord loop op Sondag 6 Desember ten einde. Die eredienste sal daarna deur verskeie predikante waargeneem word, totdat die gemeente vroeg in die nuwe jaar ’n predikant beroep.

- **Ds Adriaan Roets** van Gemeente Swartkop en sy seun besoek oor die naweek van 5 en 6 Desember die lidmate in Harare. Hy sal die eredienste waarneem en lidmate besoek. Hy neem Kersgeskenke vir alle gemeentelede en kinders saam. Dit is geskenk deur ’n huisgesin en ’n gemeente.

- **Ds Theuns Botha** van Gemeente Ottosdal sal van 10 tot ongeveer 21 Desember die lidmate in Bulawayo en Harare besoek. Hy lei die erediens in Bulawayo oor die naweek van 12 en 13 Desember, en in Harare oor die naweek van 19 en 20 Desember. Hy sal huisbesoek by lidmate van albei gemeentes doen. Dié werk doen hy in sy verloftydperk.

- **Die Komitee vir Afrikabediening** wil graag dank betuig aan predikante wat die afgelope jaar met groot opoffering en toewyding die togte na Zimbabwe onderneem het sonder enige vorm van vergoeding. Dankie aan al die kerkrade wat aan hul predikante verlof gegee het om die werk te gaan doen. Dankie aan al die gemeentes en individue wat finansieel en op ander maniere bygedra het sodat die bediening vir nog ’n jaar in Zimbabwe gedoen kon word. Dankie ook aan lidmate wat saam met hul predikante gery het om die lidmate daar te besoek en om eerstehands kennis te neem van die omstandighede.

- **Die volgende predikante verjaar van 4 Desember 2009 tot 15 Januarie 2010**, en word hartlik geluk gewens:

  - Vrydag 4 Desember: Ds Kobus Venter
  - Dinsdag 8 Desember: Prof Theuns Dreyer
  - Woensdag 9 Desember: Ds Thomas Dreyer (emeritus)
  - Vrydag 11 Desember: Di Johan Bezuidenhout, Daan Smit en dr Gerhard Nel
  - Saterdag 12 Desember: Di Martin Fouché en Neels Janse van Rensburg
  - Sondag 13 Desember: Ds Johan du Preez
  - Dinsdag 15 Desember: Di Dedré Oosthuizen en Gawie Wolmarans
  - Woensdag 16 Desember: Di Johan du Toit, Johann Marnewick, Martin Meyer en Charlene van der Merwe
  - Vrydag 18 Desember: Ds Ogies du Plooy
  - Saterdag 19 Desember: Ds Marius Venter
  - Sondag 20 Desember: Ds Peet Swanepoel
  - Dinsdag 22 Desember: Ds Jan van Staden
  - Woensdag 23 Desember: Ds Phillip Horn
  - Maandag 28 Desember: Di Eddie Eckard en Corlien van der Merwe
  - Dinsdag 29 Desember: Ds Philip Prinsloo en dr Piet van Staden
  - Donderdag 31 Desember: Ds Theuns Dreyer (emeritus)
  - Saterdag 2 Januarie: Di Dirk du Toit en Anneke Viljoen
  - Maandag 4 Januarie: Dr Kobus Labuschagne
  - Dinsdag 5 Januarie: Dr Christo Pretorius
  - Woensdag 6 Januarie: Ds Hennie Louw
  - Saterdag 9 Januarie: Di Ivan Katzke en Albert Minnaar
  - Sondag 10 Januarie: Ds Jan Kay
  - Dinsdag 12 Januarie: Di Annerie Conradie, Dawie Jacobs en Debrah Lotter
  - Woensdag 13 Januarie: Dr Frikkie Labuschagne
  - Donderdag 14 Januarie: Di Japie Coetzee, Chris de Beer, Tony Simpson en prof Piet Geyser
  - Vrydag 15 Januarie: Prop Werner Olivier, di Chris Schoeman en Arnold Viljoen

- **Gemeente Midstream** is op Sondag 15 November onder leiding van die Ringskommissie gestig. **Dr Gerhard Lindeque** van Gemeente Rooihuiskraal het die beroep na die nuwe gemeente aangeneem. **Dr Paul de Beer**, wat die afgelope maande as brugpredikant in Gemeente Olifantsfontein (waarvan die nuwe gemeente afgestig het) opgetree het, sit die werk as pastorale hulp voort totdat dr Lindeque in Januarie die leisels oorneem. Die besonderhede van die gemeente was nog nie beskikbaar toe die 2010 *Almanak* na die drukkers gestuur is nie. Lidmate kan gerus die onderstaande inligting by bladsy 97 aan die einde van die ring van Pretoria-Wes se gemeentes invoeg:

  - **Stigtingsdatum:** 15 November 2009.
  - **Woongebiede:** Midstream, Midfield, Midlands, Heritage Hill, Candle Woods.
  - **Kerkgebou:** Chorgesstraat 6, Midstream, Midrand Estates.
  - **Posadres:** PostNet Suite 618, Privaatsak X1007, Lyttelton 0140.
  - **Tel:** 078 283 5205.
  - **Faks:** 086 678 8010.
  - **E-pos (ook vir state): tjirp@lantic.net**.
  - **Predikantspaar met ingang van 1 Januarie 2010:** Dr GC (Gerhard) en Karien Lindeque, hv Wetland- en Northboundlaan, Heritage Hill, 012 657 2340 / 082 374 8703 / gclindeque@absamail.co.za.
  - **Eredienstye:** 08:30 en 18:00 (geen aanddienste tydens skoolvakansies en oor langnaweke).
  - **Voorsitter Ouderlingevergadering:** Markus van der Westhuizen.
  - **Voorsitter Diakensvergadering:** Hannes Diedericks.
  - **Skriba:** Tolla Strydom, 078 283 5205.
  - **Skriba vir registrasie:** Tolla Strydom, 078 283 5205.
  - **Kassier:** Tolla Strydom, 078 283 5205.
  - ’n NHSV-tak is nog nie gestig nie, en daar is nog nie ’n orrelis nie.

- **Gemeente Brits** het twee **fotostaatmasjiene** wat hulle wil skenk aan gemeentes wat dit nodig het. Die een masjien is ’n Kyocera KM-2020 en is in ’n baie goeie en werkende toestand. Kontak ds Kobus Celliers by 012 252 0158.

- Alle besoekers aan die **Strand en Hermanus** word uitgenooi om saam met die lidmate van **Gemeente Strand** elke Sondag sowel as op Kersdag en Geloftedag om 09:00 eredienste in die kerkgebou in Strand by te woon. Die gebou is geleë op die hoek van Boschendal- en Elimstraat, Strand. Ervaar die warmte en gasvryheid van die mense in die Wes-Kaap. Navrae kan gedoen word by ds Jan Claassen, by 021 855 4847.

- Alle besoekers aan **Durban en Amanzimtoti** word uitgenooi na die eredienste van **Gemeente Durban-Suid**. Dit vind plaas in Durban om 07:45 op die Bluff, Beaconweg 137, en in Amanzimtoti om 09:30 te Drakeweg 7. Kersdienste op beide plekke sal om 07:00 wees. Vir meer besonderhede, skakel Celia Biggs by 082 410 5544 of prof Bieks Beukes by 072 036 4960.

- Bestel jou **NHSV-feeskalender** nou! Ter herdenking van die **NHSV se 70-jarige bestaan**, is ’n spesiale Feeskalender vir 2010 beskikbaar teen R40 (posgeld ingesluit). Daar is slegs 500 kalenders beskikbaar. Benewens die datuminligitng, pragtige uitleg en foto’s van die NHSV se eie *kalendermeisies*, is daar ook ’n stukkie lewenswysheid vir elke maand. Bestel so gou moontlik by die NHSV-kantoor (tel 012 325 0117) om teleurstelling te voorkom.

- **Gemeente Montana** beskik oor ’n vakature vir ’n orrelis. Aansoeke sluit op **Sondag 6 Desember**. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 1753, of ds Danie van der Watt by 082 572 4855. Vergoeding is volgens kwalifikasie.

- Die ***Almanak* en *Bybelse Dagboek*** is tans by die drukkers en **behoort teen 14 Desember by die Sinodale Kerkkantoor beskikbaar te wees**. Baie lidmate wil graag reeds op 1 Januarie die *Bybelse Dagboek* begin gebruik, en daarom vra SENTIK die hulp en ondersteuning van gemeentes en ringe met die **verspreiding** van die publikasie. Met u hulp kan ons die boeke vinnig en koste-effektief versprei; daarsonder vat dit veel langer en kos dit baie geld. Gemeentes en ringe in en om Pretoria moet asseblief self reëlings tref om hul besending by die Sinodale Kerkkantoor te kom afhaal. Predikante of ander verteenwoordigers van gemeentes buite Pretoria moet waar enigsins moontlik ook hul gemeente en/of ring se eksemplare kom afhaal, en vir die verdere verspreiding daarvan reëlings tref. Dit is belangrik om met SENTIK reëlings te tref voordat ’n verteenwoordiger die gemeente of ring se bestelling kom afhaal, sodat die pakke betyds opgemaak en reggesit kan word. Al die gemeentes in ’n bepaalde ring moet presies weet waar hul boeke uiteindelik afgehaal moet word. By voorbaat dankie vir u hulp. Kontak dr Wouter van Wyk by 012 322 8885 x261 of **wouter@nhk.co.za** om reëlings te tref vir verspreiding.

Kampe en toere

- **Aandag alle matrieks.** Die Hervormde Kerk bied weer ’n **X-matriek-wegbreek** aan, van **7 tot 12 Desember**, by Mount Joy Lodge naby Margate. Die koste is R1 900 per persoon. **Di Thomas Dreyer** (082 552 9394) **en Petri van Rooyen** (083 662 2804) vergesel die groep. Slegs 25 x-matrieks kan geakkommodeer word. Bespreek by Danie van der Merwe by 082 334 6469 of 012 661 8544, per faks by 086 541 0927, of per e-pos by **dtpromotions@telkomsa.net**.

- Almal wat volgende jaar in **Bloemfontein** begin met hul studies, word genooi om die **Eerstejaarskamp** saam met die studente van Gemeente Bloemfontein by te woon. Hulle skakel in 2010 in by Kougomkamp, wat van **3 tot 7 Januarie** plaasvind. Kontak ds Willem Dykema by 082 560 4772 of 051 446 0133 vir meer inligting.

- Alle voornemende (en senior) Maties word uitgenooi om die **Eerstejaarskamp** by te woon, net voor die begin van die universiteitsjaar. Die kamp vind plaas van **Saterdag 9 tot Woensdag 13 Januarie,** en is ’n geleentheid om mede-Hervormers en die kampus te leer ken en vriende te maak. Stuur asseblief jul kontakbesonderhede aan ds Chris le Roux by 082 905 0818 of 021 887 2685, of per e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za**.

- **Alle** studente wat volgende jaar by enige instansie in Pretoria kom studeer, is welkom om die **Eerstejaarskamp** saam met die studente van **Gemeente Philadelphia** by te woon. Bring 5 vriende saam en **jy** kamp **verniet.** Dit vind plaas **van 9 tot 14 Januarie 2010** by Kwaggasruskampterrein (net buite Brits, Gauteng). Kontak Rina by 072 416 8768.

- Ds Rudy en Terzie Denton van **Gemeente Potchefstroom-Studente** verwelkom by voorbaat al die nuwe eerstejaars! **Van Dinsdag 12 tot Vrydag 15 Januarie 2010** vind hul **Eerstejaarskamp** plaas by Serube Sa Phakwe, 45 km vanaf Potchefstroom. Kontak ds Rudy by 018 294 3509, 082 459 9710 of **rudy@nhk.co.za**, of Terzie by 082 475 4618. Hulle moet teen Dinsdag 5 Januarie ’n aanduiding hê van hoeveel mense gaan kamp. Bespreek dus betyds jou plek, want net 150 inskrywings kan geakkommodeer word.

- **Kom toer saam met *Konteks.*** Van **15 tot 19 Maart 2010** toer ons onder leiding van dr **Hennie van Deventer na die** Natalse Middellande**.** Die koste beloop R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie). Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere by 033 330 5256 of 082 374 2995. Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.

- Daar is nog plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5129, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

- Nog ’n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Wen ’n Bantambakkie** vir net R500. Span saam en koop een van slegs 300 kaartjies. **Gemeente Premiermyn** loods die projek. Kaartjies en inligting is beskikbaar by Annetjie Joubert, by 082 921 8200.

- **Gemeente Springs-Oos** bied ’n **feesreeks messe** aan om saam te val met die gemeente se **50ste verjaardag**, en om fondse in te samel vir die bou van ’n ouetehuis. Kontak ds Pierre Roets by 083 274 2657, Marietta Perkins by 084 212 2186, of Valerie Benadie by 082 852 5526 vir meer inligting, pryse en om te bestel. Die gemeente se **feesalbum** is beskikbaar en kan bestel word van die skriba, oudl Retha Laubscher, by **rethalaubscher@gmail.com** of 083 475 1962. Die album kos R180 per eksemplaar (plus posgeld).

- Alle gemeentes word uitgenooi om aan gemeentes **Hartbeesfontein en Gerdau** se **Wen-’n-boerdery-kompetisie** deel te neem. ’n Pakket bestaan uit 50 boekies met 10 kaartjies elk @ R100 per kaartjie. Daar is dus die geleentheid om R50 000 in te samel met verkope. Die twee gemeentes vra net R5 000 vir ’n gemeente se deelname. Sou u al die kaartjies verkoop, is R45 000 dus u gemeente se eie. **Hulle hou die kommissie en u kry die profyt!** Die 1ste prys is 10 verse en ’n bul (of R40 000 kontant), die 2de prys is 10 ooie en ’n ram (of R10 000 kontant), en die 3de prys is een week vakansie by die Suidkus. Daar is ook ander kleiner pryse. Die trekking is eers op **8 Mei 2010**. Kontak Jaco Labuschagne by 083 779 7954 of die kolporteur by **kolporteur.nhk@gmail.com** vir meer inligting of bestellings.

- **Gemeente Stellenbosch** beskik oor gerieflike **woonstelle**, toegerus vir 4 persone (en een groot woonstel vir 6 persone) in ’n stil deel van Stellenbosch. Veilige parkering, beddegoed en breekgoed word verskaf. Die koste is slegs R330 per nag (R400 vir die groter woonstel). Daar is ook enkele klein woonstelletjies met slaapplek vir twee, vir slegs R200 per nag, hoewel dit baie klein is. Kontak die gemeente op Dinsdae- en Donderdae-oggende by 021 886 6209, of andersins by 082 905 0818.

Basaars en markte

- **Gemeente Belfast** hou op **Vrydag 4 Desember** weer ’n **minibasaar** op hul kerkterrein. Kontak Louis Snyman by 083 327 5328 vir meer inligting. (Let daarop dat die oorspronklike datum verander het.)

- **Gemeente Bloemhof** hou op **Saterdag 5 Desember Kersmark** met verskeie uitstallers. Kontak Helen Herholdt by 053 433 1222 of 079 377 5008.

- **Gemeente Nelspruit** hou op **Saterdag 30 Januarie 2010** die 5de **Maroelafees** op die kerkterrein in Belladonnastraat, Nelspruit. Dit is midde-in die hoogseisoen van die maroela, en al die aktiwiteite vind plaas rondom hierdie besonderse inheemse vrug. Hulle begin reeds om 08:00 en sal tot laat bedrywig wees. Toegang is gratis! Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455.

ANDER NUUS

- **Doulos se Kersfunksie** word vanjaar aangebied op **Saterdag 5 Desember** by die Silwer Valke Rugbyklub in Silverton, Pretoria. Dit gaan in die vorm van ’n **karnaval** wees waar gemeentes, instansies, individue en groepe **potjiekos en rys** voorberei vir nagenoeg 1 000 mense. Laat weet asseblief as u kan help met geskenke vir tieners en bejaardes, of met nagereg. Kontak Heleen Huyser van Doulos Armoedebediening by 082 443 8874 of **huyserh@sapo.co.za**.

- Teen die einde van September, begin Oktober 2010 vind die **69ste Algemene Kerkvergadering (AKV)** plaas. Die eerste skrywes sal gemeentes vroeg in die nuwe jaar bereik. Die Kommissie van die AKV het reeds met sy werk in dié verband begin en rade sal vroeg in 2010 hul werksaamhede met die oog op finale verslaglewering aan die AKV afsluit.

- **Die Ondersteuningsraad** het gedurende die September-skoolvakansie ongeveer 70 kinders wat in pleegsorg en plekke van veiligheid verkeer, op ’n **kamp** geneem waar terapeutiese groepsessies deur maatskaplike werkers aangebied is. Die studente van **Gemeente Philadelphia** het as vrywilligers tydens die kamp opgetree en was ook verantwoordelik vir die bewuswordingsessies, rekreasie van en toesig oor die kinders. Die Ondersteuningsraad wil graag die volgende persone bedank wat daartoe bygedra het dat die kamp kon plaasvind:
  - Al die donateurs wat kontantdonasies gemaak het.
  - Donateurs wat spesifieke skenkings gegee het.
  - Die studente van Gemeente Philadelphia wat betrokke was by die kamp.

Sonder bogenoemde bystand sou die kamp werklik nie kon realiseer nie. Dankie dat julle bygedra het om vir hierdie kinders 'n geleentheid te bied waar hulle weer kon mens voel!

- **Die Ondersteuningsraad** het op 25 November hul laaste Direksievergadering vir die jaar gehad en die **nuwe Direksie** verkies. Dr Wilhelm Coetzer, sekretaris van die Algemene Diakensvergadering (ADV), was 14 jaar lank voorsitter van Die Ondersteuningsraad se Direksie en het nou, weens sy vele verpligtinge, as voorsitter bedank. Die Raad wil hom graag bedank vir sy waardevolle insette en betrokkenheid by die organisasie.

  Die nuwe Direksie, asook hul indeling/portefeulje, sien soos volg daar uit:

o Dr Ernest Marran	Voorsitter en bemarking
o Ds Gerrie Senekal	Visevoorsitter en Noordwes-provinsie
o Ds Flip Snyders	Limpopo-provinsie
o Ds Naas Lombard	Mpumalanga-provinsie
o Ds Jaco Vogel	Gauteng-Suid
o Ds Paula Eksteen	Gauteng-Noord
o Diak Danie de Jager	Voorsitter van die Finansiële Komitee
o Ds Heloïse Herbst	NHSV-verteenwoordiger
o Dr Wilhelm Coetzer	ADV-verteenwoordiger
o Mev Mariaan Steenkamp	Amptenaar van Die Ondersteuningsraad (Direkteur) – geen stemreg
o Dr Charmaine Fourie	Amptenaar van Die Ondersteuningsraad (Sekretaresse) – geen stemreg

- Die **SP Engelbrecht-museum** word volgende week van die Sinodale Kerkkantoor **na Gemeente Pretoria verskuif**. Die historiese kerkgebou van Gemeente Pretoria is strategies geleë met die oog op besoeke aan 'n hele aantal toeriste-aantreklikhede in Pretoria se middestad, en die kerkgebou se galery (noord en oos) word spesiaal ingerig om die museum te huisves. 'n Ervare museumkundige, **mev Emmie Kruger**, wat onder andere vir die restourasie van die Paleis van Justisie verantwoordelik was, is aangestel om die verskuiwing en inrigting van die museum te beplan en bestuur. Emmie het reeds die inventaris van museumstukke op datum gebring en die beplanning van 'n uitstalling wat die verhaal van ons Kerk vertel, is ver gevorder. Die verwagting is dat die museum teen die tweede kwartaal van 2010 vir lidmate en die publiek toeganklik sal wees. Daar word gehoop dat kerkrade, kategesegroepe en NHSV-takke van volgende jaar af die geleentheid sal aangryp om die kerkgebou en die museum te besoek.

DIRK VAN DER HOFFGEBOU
50 jaar na die hoeksteenlegging

Die Hervormer **van Oktober 1959 vertel taamlik volledig wat by die hoeksteenlegging van die Dirk van der Hoffgebou op 5 September 1959 gebeur het.**

Die gebou is vernoem na die eerste predikant in Transvaal, die naamgewer van die stad Pretoria, 'n figuur wat baanbrekerswerk verrig het. By die geleentheid op Saterdag 5 September was daar benewens kerklike figure ook hoogwaardigheidsbekleërs soos die Nederlandse ambassadeur, mnr Van der Berg, en adv John Vorster, die destydse Adjunkminister van Onderwys.

Dit was die vrug van lang en moeisame beplanning om 'n sentrale gebou vir die Kerk se administrasie op te rig. Verskeie persone, waaronder die argivaris prof SP Engelbrecht wat die hoeksteen gelê het, het jaar na jaar geld ingesamel om die gebou op te rig waarin die Kerk uiteindelik nie net die Argiefversameling kon huisves nie, maar die hele kerklike administrasie onder een dak. Die woorde op die hoeksteen is uit Hebreërs 13: 8: *Jesus Christus is gisteren ende heden deselve ende in der eeuwigheyt.*

Prof Engelbrecht het juis daarop gewys dat dit nie in Afrikaans geskryf is nie maar in Gotiese letters in die taal en spelling soos ons dit vind in die Nederlandse Statebybel wat met Van Riebeeck na die Kaap gekom het en waaruit Afrikaans later gegroei het. Hierdie unieke hoeksteen se ryk simboliek en kerkgeskiedenis, het prof Engelbrecht opgemerk, vind weerspieëling in die Argiefversameling wat in die gebou gehuisves sou word.

Die gebou is ontwerp deur die bekende Hendrik Vermooten, met talle interessante elemente uit die modernistiese boustyl wat steeds duidelik aangetoon kan word. Dit maak die gebou vandag na 50 jaar reeds 'n voorbeeld van 'n bepaalde boustyl in die stad.

Lees volgende jaar in *Konteks* meer oor die Dirk van der Hoffgebou se oprigting en ingebruikneming 50 jaar gelede.

Nándor Sarkady, Argivaris

***** ***** *****

- Terwyl almal besig is om **kalendergebeure** vir volgende jaar te koördineer, herinner ds Lewis Strauss alle predikante en belangstellendes aan die **10de Internasionale Calvynkongres** wat van 22 tot 27 Augustus 2010 in Bloemfontein sal plaasvind. Swaargewigte op die gebied van Calvynnavorsing sal optree, en kongresgangers van oor die hele wêreld word verwag – waarlik 'n ekumeniese gebeure! Die Kongrestema is *Calvyn en versoening*. Versoening is 'n begrip wat los en vas in ons land en kerklike wêreld gebruik word. Dit sal die moeite loon om (weer) te hoor wat die ernstige Bybelstudent Calvyn daaroor te sê gehad het. Verblyf vir Hervormers en besoeke aan besienswaardighede in sentraal Suid-Afrika kan gereël word deur 'n e-pos te stuur na **ljstrauss@lantic.net** of deur 051 522 8825 of 079 655 9239 te skakel.

- Dit is die missie van die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** om bekostigbare Bybels aan alle Suid-Afrikaners in hul moedertaal beskikbaar te stel. Hierdie Kersfees stel hulle die **mees bekostigbare Bybel nóg** bekend – die **gratis Selfoonbybel**. Dit is maklik om hierdie Bybel af te laai: Gaan na **m.bibles.co.za** op u selfoon, volg die eenvoudige aanwysings, en laai die volledige Selfoonbybel af. Dit is beskikbaar in Afrikaans, Engels (KJV), Noord-Sotho, Suid-Sotho, Tswana, Xhosa en Zulu. Al wat u nodig het om die Woord van God op u vingerpunte te hê, enige tyd, enige plek, is 'n selfoon wat Java-gereed is. U kan hierdie geskenk met vriende, kollegas en familie deel deur dit gratis deur middel van Bluetooth aan hulle te stuur. Vir meer besonderhede oor hoe om die Selfoonbybel te gebruik, besoek **www.bybelgenootskap.co.za** en kliek op **toegang tot die woord**.

- Die Raad van Finansies het goedgekeur dat die **Sinodale Kerkkantoor op Vrydag 18 Desember mag sluit** vir die Desemberreses. Die Kantoor open weer amptelik op **Maandag 4 Januarie 2010**.

- **Die Kerkargief en Biblioteek** is gesluit van Donderdag 10 Desember af en heropen saam met die Sinodale Kerkkantoor op **4 Januarie 2010**.

- **Die Kommissie van die AKV wil graag die lesers van die e-Hervormer en al die lidmate van die Kerk 'n geseënde Kerstyd toebid. Mag die nuwe jaar vir die Hervormde Kerk en sy lidmate seën en voorspoed inhou.**

KOMMENTAAR

Na aanleiding van verlede week se voorbladberig, is interessante kommentaar ontvang. Een lidmaat het gevra dat uit die oogpunt van lidmate gekyk moet word na die tydskrifte van die Kerk. Wanneer byvoorbeeld 'n weeklikse tydskrif soos *Huisgenoot* gekoop word, is daar maar 'n paar rand betrokke. 'n Lidmaat kyk nie hoeveel hy per jaar daarop uitgee nie. As ons praat van die *Almanak*, skrik hy vir die prys. Die kerkraad verwag dat dit op een slag betaal word, en werk dit nie maandeliks of weekliks uit nie. Met ander woorde, dit het 'n sielkundige uitwerking. Dié betrokke lidmaat voel dat die probleem by die kerkraad lê. Ons gesindheid teenoor mekaar is nie reg nie. Ons sal nie probeer om iemand te help wat moontlik sukkel om kerktydskrifte te kry nie, ons sal eerder daarvan wegskram. Ons moet besef dat ons leefwyse sal moet verander. Ons moet ons verhouding met God regkry, dan sal ons meer in die kerk kom en begin om mekaar raak te sien. Die Kerk se tydskrifte kos nie baie nie, maar ons moet kyk hoe ons die intekenaars kan vermeerder. Moontlik moet ons al vroeg in die jaar begin en lidmate aanmoedig om maandeliks 'n bedraggie te gee.

Dr Wouter van Wyk antwoord so daarop: *Dit sal goed wees as kerkrade kan help om die tydskrifte te bemark of selfs maandeliks te verkoop. Vanuit SENTIK se oogpunt is dit natuurlik baie moeilik en duur om 'n maandelikse betaalopsie in te stel, maar dit is dalk moontlik vir gemeentes om dit so te administreer.*

ADVERTENSIES

Werkswinkel vir die huwelik. Van 4 tot 6 Desember of 11 tot 13 Desember. Aangebied in Pretoria deur ds Kobus van der Merwe (opgeleide Imago-verhoudingsterapeut). Kom ontdek die Godswonder van jou huwelik, al voel jou huwelik goed, leeg, seer of frustrerend. 'n Gesonde huwelik is moontlik! Skakel 082 331 4703, besoek **www.huwelike.co.za** of e-pos **kobus@huwelike.co.za**.

Advertensievoorwaardes

Advertensies waarin 'n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, op die volgende **voorwaardes**:

- Dit bestaan uit teks alleen (geen grafika nie), en daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie.
- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 630 5153. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Asseblief, moenie vra dat ons uitsonderings maak nie!

- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag.
- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.
- Die koste is R100 per plasing, vir ’n maksimum van 50 woorde per advertensie.
- Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: SENTIK Ads

  Die eerste uitgawe van 2010 verskyn op Donderdag 14 Januarie.

AGTERBLAD

Die ou jaar uit, die nuwe jaar in met ons publikasies

Aan die einde van nog ’n jaar kan die Kerk en SENTIK terugkyk op suksesvolle kommunikasie deur middel van ons kerklike publikasies.

Met ingang van die Maart 2009-uitgawes van ***Die Hervormer*** en die ***e-Hervormer*** is dr Gerhard Lindeque as redakteur en ds André Ungerer as subredakteur verantwoordelik vir dié twee publikasies. Lewendige terugvoer is op albei publikasies ontvang.

Onder die bekwame leiding van dr Wian Kloppers is ***Konteks*** verder uitgebou as lekkerleestydskrif vir die gesin, en ook daar kon ons staatmaak op die positiewe meelewing van ons lesers.

Op hierdie oomblik sit almal angstig en wag vir die 2010-uitgawe van die *Almanak/Bybelse Dagboek.* Dit is die tweede uitgawe van die ***Almanak*** waarvoor ds Kálmán Papp as redakteur verantwoordelik is, en weer eens is daar interessante wysigings aangebring. Die gebruikers sal aangenaam verras wees! En ds Piet van der Merwe en sy span het weer hard en flink gewerk om vir lesers van die ***Bybelse Dagboek*** boodskappe van ’n wye verskeidenheid van ons Kerk se teoloë te bring.

Die graad 3-kategesehandleidings, ***Die Here hou ons in sy hand***, was teen die tweede kwartaal van 2009 beskikbaar. Die nuwe graad 4-handleidings, ***God is Koning***, gaan binne die volgende paar dae drukker toe, en behoort vir gemeentes beskikbaar te wees voordat volgende jaar se kategeseklasse begin.

Nuwe uitgawes is ook beskikbaar van die **Diensboek**, waarin onder meer die Diensformuliere en Wisselformuliere opgeneem is, en die **Lidmaatboek**, met ruimte vir foto’s van die lidmaat se doop, kategese, openbare geloofsbelydenis en huwelik.

Kontak mev Susann van Zyl by tel 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of e-pos **sentik@nhk.co.za** indien u enige van die publikasies wil bestel.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx